

Menseregtebeleid

Verwysingsnommer	2P_2.7.3
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mens en Kultuur
Beleidseienaar	Direkteur: Arbeidsverhoudinge
Verantwoordelike afdeling	Arbeidsverhoudinge
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	NWU Raad
Datum van goedkeuring	16 November 2023
Datum van wysiging	
Hersieningsdatum	2026

MENSEREGTEBELEID

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 16 November 2023 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet");
- 1.2 vertolkende grondwetlike jurisprudence van Suid-Afrikaanse howe wat jurisdiksie oor die NWU het, en
- 1.3 alle statutêre en ander regsnorme van toepassing op die NWU in ooreenstemming met die Handves van Regte (Hoofstuk 2 van die Grondwet).

2 Beleidsverklaring

Die NWU respekteer die persoonlike waardigheid, privaatheid, persoonlike en ander menseregte van alle werknemers, studente, belanghebbers en lede van die publiek, en is daartoe verbind om te verseker dat ons werkplek en studenteomgewing bevorderlik is vir die beskerming en respektering van menseregte.

3 Doel

Die doel van hierdie beleid is om –

- 3.1 'n kultuur van menseregte, en die handhawing, respek en beskerming daarvan te bevorder;
- 3.2 'n bewustheid van menseregte onder die universiteitsgemeenskap en sy eksterne omgewing te kweek deur nie-akademiese opvoedkundige programme;
- 3.3 die voldoening aan menseregte in die universiteitsgemeenskap te monitor en te assesseer.

4 Omvang van toepassing

Die beleid is van toepassing op alle lede van die NWU (lede van die Raad en Raadskomitees, werknemers en studente) sowel as alle diensverskaffers en belanghebbers van die NWU.

5 Rolle en Verantwoordelikhede

5.1 Menseregtekommissie (MRK) van die Raad

Die Opdrag van die MRK definieer sy mandaat en moet ten minste die volgende funksies behels:

- 5.1.1 om die Raad te adviseer oor die bevordering van menseregte, insluitend aangeleenthede wat verband hou met geslagsgebaseerde geweld, rassisme, onverdraagsaamheid, en diskriminasie;
- 5.1.2 om die Raad te adviseer oor die redelike en regverdigbare beperking van fundamentele regte ingevolge artikel 36 van die Grondwet;
- 5.1.3 om interne prosesse te monitor rakende die wyse waarop beweerde skendings van menseregte hanteer is;
- 5.1.4 om gereelde verslagdoening deur die UBK oor die bestuur van aangeleenthede met betrekking tot die bevordering en beskerming van menseregte te oorweeg, en om subkomitees vir sulke doeleindes te stig behoudens goedkeuring van die Raad, en

5.1.5 om die nakoming van die NWU se verbintenis tot die handhawing van menseregte te monitor en te assesser.

5.2 Institusionele Forum (IF)

Die IF moet die Raad adviseer oor aangeleenthede met betrekking tot die skep van 'n universiteitskultuur wat inklusiwiteit en respek vir menseregte bevorder.

5.3 Universiteitsbestuurskomitee (UBK)

Die UBK is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid ten opsigte van die nodige prosesse, stelsels en prosedures wat daarop gemik is om 'n bestuursomgewing te verseker wat bevorderlik is vir die bevordering van 'n kultuur van menseregte, en die nakoming, respektering en beskerming daarvan, deur middel van –

- toepaslike maatreëls vir die skep van 'n kultuur van menseregte;
- die daarstelling van 'n platform vir die rapportering van beweerde menseregteskendings;
- die daarstelling van toepaslike ondersoek- en rapporteringsprosedures van beweerde menseregteskendings; en
- die rapportering van alle bestuursmaatreëls m.b.t. menseregteaangeleenthede aan die Raad

5.4 Lynfunksies: Mense en Kultuur-portefeulje en Studentelewe-portefeuljes

5.4.1 Die Direkoraat Werknemerverhoudinge binne die Departement Mense- en Kultuur is verantwoordelik vir die administrasie van hierdie beleid, vir die monitering van die nakoming daarvan en om advies te verskaf oor die implementering daarvan.

5.4.2 Die Direkteur: Studentelewe binne die Departement Studentelewe is verantwoordelik vir die algehele implementering van hierdie beleid binne georganiseerde studentelewe-aktiwiteite en vir die nakoming daarvan by die NWU, en om dienooreenkomstig aan die relevante bestuur- en korporatiewebestuurstrukture verslag te doen.

5.5 Lynbestuurders

Alle lynbestuurders moet hou by hierdie beleid en verwante prosesse en prosedures en moet voldoening verseker binne hul besigheidsprosesomgewings.

5.6 Kontrakteurs, diensverskaffers en lede van die publiek

Oortreding van hierdie beleid deur kontrakteurs, diensverskaffers en lede van die publiek wat van NWU-fasiliteite en -programme gebruik maak, moet by die toepaslike aanmeldingsorgane van die staat aangemeld word vir ondersoek en vervolging, met die hulp van Beskermingsdienste.